SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

SAG #1 netwerk VIR JOU LEWE

*'Hulle het hulle heelhartig toegewy aan die leer van die apostels en aan die gemeenskap, aan die breek van die brood en aan die gebede.' Handelinge 2:42*

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Gemeenskap van Gelowiges

Aan die begin van 'n Nuwe Jaar kyk ons na dit wat voorlê. Met die eerste oog-op-slag dink ons aan die sake en gebeure waarna ons uitsien en opsien. Alleenlik wanneer ons aandagtig ons gesigsveld verbreed, sien ons die mense wat saam met ons rondom hierdie vooruitsigte staan. Mense wat ons ken en waarop ons kan steun en vertrou.

In die Bybel en geskiedenis lees ons hoe gelowiges mekaar bygestaan en ondersteun het, omdat hulle God geken het. In Handelinge 2:42-47 lees ons van die eerste gelowiges wat saamgekom het, die Woord gedeel het, gebid het en mekaar ondersteun het. Hierdie vroeë kerkmodel dien vandag steeds as 'n riglyn vir Christene regoor die wêreld. Die gemeenskap van gelowiges is diep gewortel in ons geloofs-lewe en is kern tot ons geloofs-verstaan.

Die kern van die *gemeenskap van gelowiges* lê in die roeping om eenheid te bevorder. Jesus het gebid: *"Ek bid dat hulle almal een mag wees"* (Johannes 17:21). Hierdie eenheid is nie net 'n teken van gehoorsaamheid aan Christus nie, maar ook 'n getuienis aan die wêreld. Volgens 'n studie deur Barna Group (2020) meen 65% van jong Christene dat die kerk die plek is waar hulle verbintenis voel en betekenis vind.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Gemeenskap van Gelowiges

Die waarde van die kerk strek egter verder as net individuele voordele. In ‘n wêreld gekenmerk deur isolasie en geestelike eensaamheid, bied die gemeenskap van gelowiges ‘n plek van aanvaarding en herstel. Organisasies soos die Evangelical Alliance en die “Susters Kerke van Suid-Afrika” beklemtoon die kerk se rol in die samelewing en plaaslike gemeenskappe as ‘n agent van sosiale geregtigheid en vrede. Volgens Pew Research (2019) se statistieke sien 64% van die wêreld bevolking die positiewe impak wat geloofsgebaseerde gemeenskappe het op die morele waardes, samehorigheid en invloed op die hele gemeenskap.

In ‘n uitdagende wêreld bly die Kerk as *gemeenskap van gelowiges* ‘n unieke geskenk. Dit is ‘n plek waar ons God se liefde beleef, mekaar ondersteun, en ‘n lig is vir ander. Ons moet voortgaan om, soos die vroeë kerk, in waarheid, liefde en eenheid te bestaan en op te tree.

In ons aangenome land skep ons *gemeenskap van gelowiges* ‘n tuiste waar ons Christelike waardes, taal en kultuur saamvloei en ons aanmekaar verbind word. Die Suid-Afrikaanse Gemeente in die VK bied unieke betekenis en waarde as die #1 Netwerk vir jou lewe. Dit bied geestelike ondersteuning deur eredienste en gebed, asook emosionele en praktiese hulp in uitdagende tye. Die gemeente netwerk het waarde vir jou beroepswêreld, vriendskappe en selfs gesinsondersteuning. Ons gemeenskap bring hoop en geborgenheid; en versterk jou geloof, verhoudings en lewenskwaliteit op ‘n tasbare manier.

Voorspoedige Nuwe jaar! Kom verbind jou gerus aan die #1 Netwerk vir jou lewe.
Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Die Waarde van Geloofsgemeenskap in die Bybel en vandag

In die Ou Testament sien ons hoe die geloofsgemeenskap van Israel 'n sleutelrol gespeel het in die vervulling van God se plan. Vanaf Abraham, wat geroep is om 'n groot nasie te vorm (Genesis 12:2), tot die Israeliete wat saam aanbid en offers bring in die tabernakel en tempel, het die geloofsgemeenskap God se teenwoordigheid weerspieël. Hierdie gemeenskap het mekaar versterk deur die onderhouding van die wet, feeste en gemeenskaplike aanbidding, wat 'n sterk identiteit as God se uitverkore volk gevorm het. Psalm 133:1 sê: *"Hoe goed en hoe mooi is dit as broers in eenheid saamwoon!"*

In die Nuwe Testament sien ons hoe Jesus en die apostels die konsep van die *geloofsgemeenskap* verder uitbrei. Jesus self het 'n klein groep gevorm met Sy dissipels en hulle voorberei om 'n wêreldwye beweging te begin. In Handelinge 2 lees ons van die vroeë kerk, waar gelowiges alles gedeel het en mekaar ondersteun het. Hierdie gemeenskap was die sigbare liggaam van Christus op aarde, wat Sy liefde en genade aan die wêreld gedemonstreer het. Hebreërs 10:25 spoor ons aan om nie die byeenkoms van die gelowiges te verwaarloos nie, maar mekaar te bemoedig.

**Word Deel van die Suid-Afrikaanse Gemeente in die VK**

Ons nooi jou uit om deel te word van 'n groeiende, lewende geloofsgemeenskap. SA Gemeente in die VK is nie net 'n geestelike huis nie, maar ook 'n plek waar jy ondersteuning, vriendskap en geleenthede vind om jouself te verbind – aan God, jouself en ander.

Kom beleef hoe God deur gemeenskap jou lewe kan verander!
Seënwense,
Andre

## IN HIERDIE UITGAWE

BROODJIE BONANZA
MANNE ONTBYT
KERSSANGDIENS 2024
RESEP VAN DIE MAAND
PADWYSERS VIR 2025
TIME FOR NEW BEGINNINGS
A NEW YEAR'S PRAYER
KONTAK ONS



# Broodjie Bonanza

## 19 Januarie 2025

Na die diens gaan ons lekker saam kuier en
aan verskillende brode proe.
Bring asb jou gunsteling brood saam,
soos piesangbrood, kaasbrood, mieliebrood, volgraan ens.

# Manne Ontbyt



**Manne Ontbyt**
**7 Desember 2024**


Op 'n baie koue, stormagtige Saterdagoggend ontmoet die manne mekaar vir 'n heerlike ontbyt.

'n Hartlike manier om
die ou jaar af te sluit, saam te kuier en mekaar te bemoedig vir 2025.

# Kerssangdiens 2024



Baie dankie Liesl de Klerk vir ons pragtige Kerskaartjie!








Mary sing 'Amazing Grace' spesiaal vir liewe Rochelle!







SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2024




















Be full of joy in the Lord always. I will say again, be full of joy.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2024










Joh 16:33 -
Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld reeds oorwin.





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2024









Miskien beteken vredemaker om anders te wees. Om te kies om anders te wees. Om met my ingesteldheid, my woorde en dade anders as die kultuur waarin ek woon, te wees en op te tree.













SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2024





Die Here roep ons om in hierdie Kerstyd, maar nie net nou nie - altyd - bringers van vrede, vredemakers, te wees - want die Een wat ons dien was en is die Vredevors.













SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2024







Hoor die blye engellied ...



Bethlehem Stêr







# Resep van die Maand



**Ena se Pampoenpoffertjies**

Bestanddele:
675g gaar fyn Butternut
280 g bruismeel
15 ml bakpoeier
5 ml sout
2 Eiers

Metode:
Kook die pampoen tot gaar, druk fyn en dreineer water baie goed af.
**Laat goed afkoel.**
Klop pampoen, eiers en sout saam.
Sif bruismeel en bakpoeier saam.
Voeg alles bymekaar en meng goed tot al die bestanddele gemeng is.
Skep lepels vol en bak in warm olie, braai poffertjie sodat albei kante goud bruin en gaar is.
Haal uit olie en plaas op handdoekrol, om die olie te dreineer.

Sodra dit goed afgekoel is kan jy dit suksesvol vries... ontdooi tot dit kamer temperatuur is, maak dan warm en gooi warm stroop oor.

Stroop
Kook op stoof vir 3 min saam:
300g suiker
250ml water
125ml melk
25g botter
knippie sout
10ml meelblom

Baie dankie Ena Wassermann dat jy jou staatmaker resep met ons gedeel het!
'Dit lyk liplek lekker'

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Padwysers vir 2025

**Erkenning aan: Stephan Joubert**

**Beeld, Goeie Nuus**

In 2025 is dit my voorneme:

*Om die Here na te volg met alles in my.

*Om vrygewig te leef soos wat Jesus my leer, sonder om iets terug te verwag.

*Om ander mense geestelik ryk te maak, al voel ek soms brandarm.

*Om 'n voltydse student te wees van die Here en sy Woord, en om myself te omring met wyse mense.

*Om te doen wat reg is.

*Om mense met respek te behandel, al doen hulle nie dieselfde terug nie.

*Om eerste askies te sê wanneer ek verkeerd is.

*Om vergeetagtig te wees wat my eie behoeftes betref, en om 'n sagter hart te hê vir almal rondom my.

*Om op die uitkyk te wees vir al die stil helde van die Here wat nooit erkenning soek vir hulle liefdesdiens en goeie dade nie, en om in hulle voetstappe te volg as my mentors.

*Om te bid vir mense wat met integriteit werk en leef te midde van onreg en korrupsie, en om hulle te bemoedig om te volhard.

*Om vrede te maak met die feit dat ek sommige mense sal teleurstel omdat ek nie alles vir almal kan of hoef te wees nie

*Om met dankbaarheid te leef vir elke stukkie brood op die tafel, asook vir elke nuwe dag wat die Here aan my gee.

*Om gefokus te wees op God se eer in alles wat ek dink, sê en doen.

*Om nie een aand te gaan slaap sonder dat ek my doel in die lewe nagejaag het nie.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Time for New Beginnings

Erkenning: Taylor Addison, Blue Mountain Arts 1989

"This is a time for reflection as well as celebration.
As you look back on the past year
and all that has taken place in your life,
Remember each experience for the good that has come of it
and for the knowledge you have gained.
Remember the efforts you have made
and the goals you have reached.
Remember the love you have shared
and the happiness you have brought.
Remember the laughter, the joy, the hard work, and the tears.
And as you reflect on the past year,
also be thinking of the new one to come.
Because most importantly,
this is a time of new beginnings
and the celebration of life."

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •JANUARIE 2025

## KALENDER

5 JANAURIE HUISKERK 9 UUR

12 JANAURIE HUISKERK 9 UUR

19 JANAURIE EREDIENS 10 UUR

26 JANAURIE HUISKERK 9 UUR

# A New Year's Prayer

May God make your year a happy one!

Not by shielding you from all sorrows and pain,

But by strengthening you to bear it, as it comes;

Not by making your path easy,

But by making you sturdy to travel any path;

Not by taking hardships from you,

But by taking fear from your heart;

Not by granting you unbroken sunshine,

But by keeping your face bright, even in the shadows;

Not by making your life always pleasant,

But by showing you when people and their causes need you most,

and by making you anxious to be there to help.

God's love, peace, hope and joy to you for the year ahead.

Anonymous

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**


Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena




Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com